# KenJouWyn

"Ek sal as 'n ambassadeur vir sauvignon blanc en ook vir die veroudering daarvan opstaan tot die dag dat ek nie meer kan staan nie."

Vir 30 jaar het hy geëksperimenteer met die gebruik van hout op sauvignon blanc deur te kyk na die oorsprong van die druiwe, die bron van die hout, kuipertegnieke, vatgroottes, die grein van die hout, roosterintensiteit van vate, tyd in vate,






Sauvignon blanc is 'n wyn wat oud of jonk, gehout of ongehout gedrink kan word. Foto: VERSKAF

ens. "Dit is omdat dit feitlik die enigste witwyn is wat jy so jonk, vars en ongehout kan geniet, dat dit feitlik sy eie grootste vyand geraak het en mense die werklike waarde, veroudering en hoë agting as 'n pasmaat vir kos miskyk.

"Wat 'n ongelooflike ervaring was dit nie toe Jancis Robinson MW onlangs ons houtverouderde Houtskool, enigste sauvignon blanc, aangewys het as haar top-witwyn uit 20 witwyne uit die Hemel-en-Aarde nie. Hoe lekker is dit nie as 'n top-wynmaker uit ons vallei sê hy wens sy chardonnay kan so verouder soos ons sauvignon blanc nie," sê Eksteen.




## ADVERTENSIE | JAKKALSVLEI




Jakkalsvlei 2024 Sauvignon Blanc Foto: VERSKAF

# Jakkalsvlei se sauvignon blanc bly maar 'n wenner

Die vrug van Jakkalsvlei se sauvignon blanc-wingerd, wat in sandsteengrond teen die suidelike hange van die Langeberge groei, word op 'n unieke manier geoes.

Die harder sandsteengrond hoër teen die berghang se oes word vinniger ryp en teen 23.0 balling gepluk. Dit verleen struktuur en tropiese vrugtegeure aan die wyn wat daarvan gemaak word. Die onderste gedeelte van die wingerd, wat in sanderige leemgrond groei, word later teen 20.5 balling geoes en lewer ondertone van gesnyde gras, lemmetjie asook 'n vars suurheid.

Die geheim van wynmaak lê in noukeurigheid. Die druiwe word met die hand gepluk, oornag verkoel en dan liggies gepars ná kontak met die doppe. Fermentasie duur drie tot vier weke, gevolg deur vermenging en veroudering op die afsaksel. Die eindproduk is 'n helder wyn met tropiese vrugtegeure. Op die palet is dit vars en sag, met note koejawel, appelliefie en perske wat perfek met die suur balanseer. Geniet dit saam met vars seekos of patee.

Dié wyn, wat onder meer deur Gilbert & Gaillard (goud), Vitis Vinifera (goud) en die *Platter's*-wyngids (vier sterre) vereer is, is 'n ware juweel in SA se wynkroon.

Besoek https://jakkalsvlei.co.za/product/sauvignon-blanc/ vir meer inligting.

## ADVERTENSIE | DIEMERSDAL

# *Hier word al dié kultivar se aspekte in fynste detail verken*

Die Diemersdal-landgoed in Durbanville word beskou as een van die tuistes van Suid-Afrikaanse sauvignon blanc danksy dié wynplaas se verbintenis daartoe om die diversiteit van die land se gewildste kultivar ten toon te stel.

Dis sauvignon blanc wat loop deur die bloed van die Louw-familie, wat nou reeds vir ses geslagte op Diemersdal boer en wynmaak, en wat van dié landgoed 'n leidende rolspeler gemaak het in Suid-Afrika se aanbieding van sauvignon blanc.

Met Diemersdal se diverse reeks sauvignon blanc-wyne sorg die plaas se eienaar en wynmaker, Thys Louw, en sy span dat wynliefhebbers die veelsydigheid van hierdie druifsoort ten volle kan ervaar. Ongehoute wyne soos Diemersdal Sauvignon Blanc en Diemersdal Reserve beklemtoon die vrugtige suiwerheid en uitbundige lewenslus van dié druifsoort.




Diemersdal lewer gehalte-sauvignon blanc – 'n droom vir enige wynliefhebber. Foto: VERSKAF

Hierteenoor verleen Diemersdal se The Journal aan sauvignon blanc lae bekorende kompleksiteit danksy die maande wat dié wyn in houtvate verouder word om die veelvoudige spektrum dimensies van die kultivar uit te bring. En om te wys, volgens Thys Louw, dat "sauvignon blanc 'n druifsoort is wat met die wêreld se grootste witwyne kan saampraat".

Diemersdal se status as sauvignon blanc-leier word beklemtoon deur die verskeie toekennings wat hy vir sy wyne ontvang. In die 2024 *Platter's*-wyngids, om een te noem, spog drie van Diemersdal se sauvignon blancs met 'n vyfster-toekenning: The Journal 2022, Wild Horseshoe 2022 en Sauvignon Blanc Reserve 2023.

Op Diemersdal word sauvignon blanc-dag sommer 365 dae van die jaar gevier – en met reg.

ANNO 1698
DIEMERSDAL
ESTATE

# KenJouWyn

## Winnie se keuses

**Leopard's Leap Sauvignon Blanc 2023 (R74):** Vars en vrolik met appelliefie- en pynappel-geure en perfek vir die somer, see en slaai – en boonop sakpas!
**Bellingham Homestead Sauvignon Blanc 2022 (R84):** Hierdie is 'n tropiese vrugteslaai-ontploffing in jou mond! Vars, geurig en baie vrolik - uitstekende waarde, maak die trollie vol!
**De Grendel Sauvignon Blanc 2023 (R125):** Van wingerde op Tygerberg Heuwels wat oor die see kyk. Groen pruim, lemmetjie en tropiese vrugteslaai in 'n glas – goed afgerond met 'n pomelo-byt op die lang nasmaak.
**Diemersdal Sauvignon Blanc Reserve 2023 (R140):** Van die hoogste wingerde op die plaas met 'n uitsig oor die Atlantiese Oseaan. Ryk en mondvullend met tropiese vrugte en 'n ongelooflike balans en elegansie. 'n FNB Top-10- wenner.
**Cederberg Sauvignon Blanc 2023 (R140):** Hierdie druiwe word op van die hoogste wingerde in Suid-Afrika (1 036 m bo seespieël) verbou. Lenig, energiek en vol tropiese en sitroengrasgeure.
**Kleine Zalze Vineyard Selection 2023 (R155):** Druiwe van Stellenbosch, Darling en Durbanville is vir hierdie besonderse wyn versny. Die romerige mondgevoel (twee maande op die moer verouder) streel die tong met vars kiwi- en ryp perske-geure. Ryp en vol.
**La Motte Pierneef Sauvignon Blanc 2023 (R170):** Van Elim- en Elgin-druiwe en genoem na die bekende kunstenaar wat die Suid-Afrikaanse landskap so beeldskoon uitgebeeld het. Hierdie is vars en lenig met kiwi- en appelliefie-geure. Die tikkie semillon dra by tot die harmoniese mondgevoel.
**Creation Sauvignon Blanc 2023 (R175):** Van die koelste en "cool" druiwe word vir hierdie elegante wyn gebruik. Pynappel-, papaja- en 'n mineraalagtige nasmaak. Hou 'n paar in die kelder vir 'n jaar of vyf!
**Benguela Cove Sauvignon Blanc 2023 (R195):** Statig en so elegant met gebakte kweper-, perske- en vars lemmetjie-geure. Hierdie wyn word vir sewe maande in Franse eikevate (65%), betoneiers en groot vate verouder. Beeld die oorsprong uitstekend uit.
**Constantia Glen 2023 (R210):** Sitroengras-, perske- en vlierblom-geure in harmonie met volronde tekstuur en nat-klip-mineraal-nasmaak. Gebou om te hou!
**Delaire Graff 2023 (R260):** Propvol groenpeper-, aspersie-, tropiesevrugte-geure met 'n lang mineraalagtige nat-klip- en appelliefie-nasmaak. 'n Tikkie semillon dra by tot die rondheid in die mond.
**Boschendal Elgin Appellation Sauvignon Blanc 2023 (R295):** Van 100% Elgin-druiwe wat deels in hout gegis en verouder is vir 'n ryk en romerige volmondgevoel met vars appelliefie-, appel- en sitrus-geure. Hierdie is gebou om te hou vir ten minste vyf jaar.
**Terre Plaisible Les Dames de 1987 "Old Vine" Sauvignon Blanc (R320):** Gemaak van 100% Franschhoek-druiwe van wingerde wat in 1987 aangeplant is. Hierdie besonderse wyn is soos 'n simfonie in die mond met pynappel-, lemmetjie- en appelliefie-varsheid en 'n komplekse en volrondheid op die nasmaak.
**Bartho Eksteen Houtskool 2023 (R490):** Hierdie is 'n simfonie van die bymekaarkom van sagte eikehout en uitsonderlike sauvignon-geure. Die glas is propvol elegante pynappel-brûlée-, tropiese en vanieljegeure – uitstekende balans en gebou om nog jare se drinkplesier te verskaf. 'n Wenner!



## Vier saam Sauvignon Blanc-dag!

Op Vrydag 3 Mei vier Sauvignon Blanc Suid-Afrika en hul lede Internasionale Sauvignon Blanc-dag met verskeie geleenthede.

Die viering sal 'n naweek lange affêre wees en tot die Sondag gevier word.

Een van die geleenthede waarna almal uitsien, is die terugkeer van die Sauvignon Blanc-rolbaldag wat die Vrydag in Stellenbosch plaasvind.

Toon jou staal deur rolbal te speel saam met wynmakers en -liefhebbers – natuurlik met 'n glas wyn in die hand. Benewens die pret, kan jy ook van die beste sauvignon blanc in die land proe.

Dit kos R750 per persoon en jy kan as 'n span of as 'n individu inskryf. Stuur e-pos na reinette@sauvignonblanc.com of skakel 082 808 1114 vir meer inligting en om deel te neem.

Dit is beperk tot 'n sekere aantal mense per plaas/handelsmerk en daar sal ekstra mense toegelaat word as daar plek oop is in die 24 spanne.

■ In volgende week se *Versnit* word die viering van sauvignon blanc voortgesit met die uitslae van hierdie jaar se Sauvignon Selection by CMB (voorheen bekend as die Concours Mondial du Sauvignon). Suid-Afrikaanse sauvignon blanc het 25 medaljes by hierdie kompetisie opgeraap.


**ADVERTENSIE | SAUVIGNON BLANC**

## *Lank lewe sauvignon blanc!*

### 1 *Vrede en Lust*



Ontdek die uitdrukking van Elgin se koel klimaat in dié uitsonderlike sauvignon blanc, die Vrede en Lust Anni.

Geure van appelliefies, ryp peer en tropiese vrugte bekoor uit die staanspoor en weerspieël die streek se unieke terroir. Die vrugte- en sitrusgeure is goed gebalanseerd en die nasmaak is lig dog talmend.

Elke teug is 'n openbaring van verfrissende note, wat dit ideaal maak vir warm namiddae en aande. Anni weerspieël voorwaar die hart van Vrede en Lust.

Vir meer inligting oor Vrede en Lust of om die wyn aanlyn te koop, besoek https://bit.ly/ShopAnniSavBlanc.

### 2 *Darling Cellars*



Darling Cellars aan die Weskus het 'n wyn vir elkeen se smaak: verfrissende koelklimaat-witwyne, sprankelende rosé-wyne en volronde rooiwyne afkomstig van droëland-bosstokwingerde.

Tog loop die opwinding hoog na 'n bedrywige, kort parsseisoen wanneer die gunsteling, Darling Cellars Reserve Bushvine Sauvignon Blanc 2024, vrygestel word vir verkope.

Hierdie is 'n wyn met kompleksiteit en karakter. Tropiese geure soos grenadella en pynappel met delikate groen geure van vye en aspersie verleen 'n besonderse profiel aan die wyn. Jy kan 'n glas op sy eie of saam met kos geniet.


Besoek die kelder vir spesiale wyne en ouwêreldse gasvryheid! Vir meer inligting, skakel 022 492 2276 of stuur e-pos aan tasting@darlingcellars.co.za. Besoek gerus ook www.darlingcellars.co.za.


## Durbanville is propvol sauvignon blanc

Een plek waar jy beslis Internasionale Sauvignon Blanc-dag moet vier, is in Durbanville. Om hierdie dag te vier bied hulle 'n spesiale proe aan. Tydens hierdie eksklusiewe proe van hul koelklimaatwyne kan jy meer leer oor die verouderingspotensiaal danksy 'n spesiale uitstalling van die toptien- sauvignon blancs van 2020, asook 'n seleksie internasionale wyne. Deur die loop van die aand kan jy die verskillende style van sauvignon blanc proe en van die eerstes wees wat die Durbanville Sauvignon Blanc 2024 te proe. Kaartjies vir die aand sluit in die proe van die wyne en twee peuselhappies.

**Wanneer?** 3 Mei 2024 van 17:00 tot 20:00.
**Waar?** Cassia by Nitida in Durbanville.
**Kaartjies?** R250 per persoon. Kaartjies is beskikbaar op Quicket.

**■ Lees volgende week meer in *Versnit* oor die Durbanville-wynvallei en waar jy orals kan gaan kuier.**


## Uitstaande Tokara Sauvignon Blanc van Elgin se koel-klimaat-wingerde

Beloon jouself voor winter met Tokara se Reserve Collection Elgin Sauvignon Blanc – 'n triomf van aromatiese intensiteit en pure wyngenot van wingerde met 'n uitsonderlike koel klimaat.

Hierdie hoogaangeskrewe wyn, wat die naam van Suid-Afrikaanse Sauvignon Blanc hoog hou, blink uit by feitlik elke plaaslike en internasionale kompetisie en het 90+ punte van al die wêreld se voorste wynkommentators gekry. Die 2020-oesjaar, 'n SA Top 10-wenner in 2023, het die titel van beste Sauvignon Blanc ter wêreld verower by die Concours Mondial du Sauvignon in Brussel. Oor die jare het die wyn talle Platter's 5-sterre behaal en om die kroon te span was die 2014 oesjaar onlangs bekroon as die algehele wenner van die 2024 10 Year Old Wine Report – 'n bewys van sy merkwaardige verouderingspotensiaal.

"Die wyn kom van die beste terroir in die land, is 'n gefokusde uitdrukking van die area en vertoon 'n uitstekende aromatiese diversiteiz," sê wynmaker Stuart Botha.

'n Verskeidenheid tipiese koeler klimaat-aromas van suurlemoengras, soet lemmetjiebloeisel en Kaapse appelliefie kom saam op die palet met goed-geïntegreerde varsheid en mineraliteit, afgerond met 'n kenmerkende oesterskulp-soutgehalte.

"Hierdie komplekse aromas word meer indrukwekkend met tyd in die bottel. Vir optimale genot, sal ek voorstel om die wyn ten minste 'n jaar na bottelering te drink," voeg Stuart by, wat vars oesters of 'n garnaal-, mango- en koljanderslaai as perfekte proemaats aanbeveel.

Tokara se bekwaamheid as een van die land se top- Sauvignon Blanc-produsente getuig van die vooruitdenkende visie van eienaars GT en Anne-Marie Ferreira wat vanjaar die plaas se 25ste oesjaar vier.